





FESKALENDER
ALMAL WELKOM | ALL WELCOME | NONKE NAMKEKILE



**JULIE
1-31
2025**

Uitreik
Outreach

NOORD-KAAP

**AUGUSTUS
1-31**

**Taalmaandvieringe
vir skole**
Language Month

ATM

**AUGUSTUS
13**

**Fenomenale Vroue
2025**
Phenomenal Women

PAARL-STADSAAL

**AUGUSTUS
16**

Taalgesprek 2025
Language Conversation

HISTORIUM

**SEPTEMBER
1-30**

Feesboodskappe
Festival Messages

SOSIALE MEDIA

**SEPTEMBER
1-30**

**Groen Galery-
uitstalling**
Outdoor Exhibition

TAALMONUMENT

**SEPTEMBER
5**

**Boomplantdag
vir skole**
Arbor Day

TAALMONUMENT

**SEPTEMBER
10**

**Wêreld-omgewingsdag
vir skole**
World Environment Day

TAALMONUMENT

**SEPTEMBER
20**

**Neville Alexander-
gedenklesing**
Memorial Lecture

PAARL

**OKTOBER
1-31**

ATM-feesbylaag
Festival Supplement

MEDIA

**OKTOBER
2**

**Taalmonument-
koorfees**
Choir Festival

AMFITEATER

**OKTOBER
10**

ATM 50-pretloop
Fun Run

TAALMONUMENT

**OKTOBER
11**

**50ste
BestaansjaarDANS**
Dance Event

PAARL-STADSAAL

**OKTOBER
14**

Woordfees: Diskoers
Van taalpaal tot totem:
Kom wissel
toekomswoorde met ons

STELLENBOSCH

**OKTOBER
25**

**Afrikaans Amptelik 100
& ATM 50 Makietie**
Festival Event

TAALMONUMENT

**NOVEMBER
15**

**50ste
BestaansjaarBAL**
Ball Event

PAARL

**NOVEMBER
29**

**Piekniek met die
Sterre**
Picnic with the Stars

TUINTEATER

**DESEMBER
10**

**Taalmonument-
Aandwedloop**
Evening Run

TAALMONUMENT

**JANUARIE
24
2026**

**Jeodhouse-
piekniekkonsert**
Picnic Concert

TUINTEATER

**FEBRUARIE
14
2026**

**Jazz-en-liefde-
konsert**
Valentine's Concert

TUINTEATER

taalmuseum.co.za/wat-gebeur

taalmuseum.co.za/en/whats-on

Dagdigkursus

Danie Marais het op hartstogtelike skrywers en digters op 7 Junie by die Taalmonument ontmoet waar hy saam met hulle gedigte ontleed en bestudeer het, asook aan hulle gedigte gewerk het. Meer oor Danie by https://af.wikipedia.org/wiki/Danie_Marais



Afrikaans Amptelik 100

As deel van Afrikaans Amptelik 100 se feesvieringe, het die Taalmonument gaste op 8 Mei verwelkom by 'n gedenklesing gelewer deur prof Debra Meyer. Lees dit by <https://taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2025/06/Nog-100-jaar-vir-Afrikaans-in-Afrika-Marola-Media-2025.pdf>



Jan sou 99 wees

Die herdenking van die Taalmonument-argitek, Jan van Wijk (1926-2005), se geboortedag het op 2 Mei plaasgevind. Vir meer, sien <https://taalmuseum.co.za/wp-content/uploads/2024/10/Taalmonument-Inligtingsboekie-2017-AFR.pdf>



Paashaas Oppi Berg

Die Paashaas het vroeg Saterdagoggend, 19 April, by die monument verby gehop en paaseiers weggesteek in die tuine. Kinders van alle ouderdomme het later hul mandjies gebring en saam met hul ouers na die lekkernye gesoek. Daarna kon elke kind ook vir hulself 'n hasie-handpop maak terwyl die ouers aan hul piekniekmandjies smul. Nog foto's by <https://www.facebook.com/media/set/?set=a.1087171240109336&type=3>



Kenners en liefhebbers skryf oor hul Afrikaans en die Taalmonument



Ondergenoemde artikels is deel van 'n reeks ter viering van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se 50ste bestaansjaar. Almal is gratis te lese by <https://taalmuseum.co.za/artikels>. Oor die volgende maande sal nog van hulle in die land se media verskyn.

Prof: 'n Groot makietie vir Afrikaans – maar waar was die bruin mense?
29 Junie 2025, netwerk24.com (Rapport)

In die aanloop tot die opening van die Afrikaanse Taalmonument in 1975 was die gort gaar in die groter Afrikaanse gemeenskap oor die inklusiwiteit of eksklusiwiteit van die monument se simboliek, die inwydingseremonie en die taal self. 'n Halfeeu later delf prof Steward van Wyk in die argiewe om 'n lig op die verwonding te skyn, 'n seer wat steeds net deels geheel is.



Die revolusie van kletsrym: van smousmond tot woordsmous
3 & 7 Junie 2025, netwerk24.com (Die Burger)

Afrikaanse kletsrym is vandag so algemeen met miljoene aflaaie op stromingsdienste, kompetisies en werksinkels by die Taalmonument dat die eerste note daarvan soms vergete raak. Frazer Barry plaas die kollig op Kaapse handelaars wat nie net met vrugte en groente gesmous het nie, maar die musieksade help plant het. [Hierdie artikel is deel van 'n reeks ter viering van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se 50ste bestaansjaar.]



The Evolution of the Rap Revolution: From Peddler's Mouth to Wordsmith, The (fruit and veg) roots of Afrikaans rap
22 May 2025, news24.com


Afrikaans rap is so common today, with millions of downloads on streaming services, competitions and workshops at the Taal Monument, that its first notes are sometimes forgotten. Rap expert and performer Frazer Barry shines a spotlight on Cape traders who not only peddled fruit and vegetables, but also helped plant this music's seeds.

Afrikaans is a kraal with many huts... and some village idiots
By Bettina Wyngaard – 22 April 2025, dailymaverick.co.za

It is not the village idiots who are going to take Afrikaans off life support and bring it back to life. It is the flower seller in Adderley Street, the street sweeper in Kariega, and the cattle farmer in the Free State who is reaching out and helping to build.

Een kraal, 'n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote
26 Februarie 2025, vryeweekblad.com

Afrikaans is nie 'n Nederlandse gewelhuus met baie kamers nie; dis 'n kraal met 'n klomp hutte, meen die skrywer-aktivis BETTINA WYNGAARD.



Johannes Gutenberg
Bron: Gutenberg (wikimedia.org)

Gutenberg-drukkers
Bron: bing.com/search?
q=gutenberg+drukkers



Koerant in die hand

Die Afrikaanse woord 'koerant' is afgelei van die Franse leenwoord *courant* wat in Nederland sedert 1617 gebruik is, blykbaar as 'n verkorting van die 1500's se *courante nouvelles* ('lopende nuus'). In moderne Nederlands is hierdie term verder vereenvoudig tot *krant*, terwyl Afrikaans die oorspronklike vorm bewaar het. Maar waar kom koerante vandaan?

Boekdrukkuns

Tot ongeveer die helfte van die 1400's is Europese boeke met die hand geskryf, meestal deur monnike. Omdat dit baie tydrowend was, was daar maar min boeke in omloop. Die wat wel bestaan het, was hoofsaaklik in die besit van die kloosters, universiteite en welgestelde persone.

Teen die middel van die 1400's het Johannes Gutenberg in Duitsland boeke met los letters gedruk. Dié tegniek het dit moontlik gemaak om boeke vinniger te produseer en die boeke was makliker leesbaar as die wat met die hand geskryf was.

Die Gutenberg Bybels, wat dateer uit die 1450's, word beskou as die eerste boeke wat in die Westerse wêreld gedruk is, en hoewel die naam van die drukker nie in die volumes voorkom nie, word dit aan Gutenberg toegeskryf. Verskeie hiervan is in die besit van die Morgan-biblioteek en museum in New York.

Die uitvinding van die boekdrukkuns het dit moontlik gemaak om geskrewe tekste op groot skaal te versprei en het ook later die opkoms van koerante

Eerste koerante

Rome staan bekend as die bakermat van die eerste koerante. Aanvanklik het die pontifex maximus, die Romeinse opperpriester, nuus op plate bekend gemaak. Ook die *Annales Maximi*, 'n soort memorandum, is op plate uitgehang. Ander vroeë publikasies, wat gereeld verskyn het, sluit kronieke en kalenders in.

In 59 AJ het Gaius Julius Caesar die eerste nuusblad begin - die *Acta Populi Romanae Diurna* wat tot 300 AJ verskyn het. Die *acta* is in twee uitgawes uitgegee, as *acta senatus* met amptelike kennisgewings van die Romeinse Senaat en as *acta populi* met nuus oor die daaglikse gebeurtenisse in Rome.




Ondanks die titel wat 'n daaglikse verskyning aandui, is die *acta diurna* ('daaglikse gebeurtenisse') gebruik om die nuus van 'n bepaalde tydperk in 'n tydelike rangorde op te lys. Die uitgawe van *acta diurna*, wat soms ook *acta urbis* ('stadskoerant') genoem is, is steeds deur die Romeinse owerheid beheer.

Privaatnuusblaaie met kennisgewings oor familiêre of gemeenskapsnuus is slegs vir 'n kort tydperk amptelik toegelaat en onder die heerskappy van keiser Traianus uiteindelik weer verbied. Die oplaag van die *acta* was klein, en geen eksemplaar het bewaar gebly nie. Nietemin kan hulle inhoud deur talle aanhalings in ander bronne gerekonstrueer word.

Die *acta* het veral nuus oor aangeleenthede van die staat bevat, soos reise van Romeinse amptenare of kennisgewings van die keiserlike gesin, waaronder geboortes, sterfgevalle, begrafnisse, huwelike en onthale. Daar was ook nuus oor gebeure soos oorstromings, droogtes en ander rampe gepubliseer. Gaandeweg is ook die kennisgewings van vooraanstaande Romeinse gesinne deur middel van *acta* gepubliseer. So is egskeidings van bekende persoonlikhede in die familienuus-rubriek bekend gemaak.

Met die verskuiwing van die keiserlike hof na Konstantinopel is die uitgawe van *acta* gestaak. Hulle leef egter voort in die woordeskat van Romaanse tale. So het die Romeinse woord *diurnalis* ('daaglikse') bewaar gebly in die Franse term *journal* en die Italiaanse *giornale*.



Die welvarende Europese stede het in die 1200's en 1300's 'n behoefte aan politieke en handelsnuus gehad, en stadsrade het begin om *ordinari* ('bodes/koeriers') vir die uitruil van nuus te gebruik. Die belangrikste dryfkrag agter die stigting van gereelde nuusblaaie was die groot Europese handelshuise.

Hul sogenaamde koopmansbriewe, wat vanaf die 1300's uitgegee is, het nuus oor politieke en handelsake bevat. In die Italiaanse hawestad Venesië het vanaf 1536 die eerste gazette verskyn.

Eers met die begin van die liberale en demokratiese bewegings, tegniese vooruitgang in die drukkerijnywerheid en die uitvinding van goedkoper papierverwerkingsmetodes was die tyd ryp om van die koerant 'n werklike massamedium te maak.

Die vervoer- en inligtingsbedryf het met die nuwe spoorwegverbindinge en die telegraaf die vinnige verspreiding van nuus moontlik gemaak. Kommersiële nuusagentskappe soos Havas, Reuters en Wolff het nuusberigte goedkoop ter beskikking gestel.

'n Vroeë bewaarde uitgawe van een van die oudste Nederlandse koerante, die *Amsterdamse Tijdinghen uyt verscheide Quartieren* (1630), gedruk sedert minstens 1618.
Bron:
ustc.ac.uk/news/newspapers-in-the-ustc-1605-1650

Pers in Suid-Afrika

Die persvryheid in Suid-Afrika is met 'n ordonnansie van die Kaapse koloniale regering ingevoer wat op 30 April 1829 geproklameer is en die publikasie van enige nuusblad toegestaan het, hoewel bepaalde regulasies en die "lasterwette" nagekom moes word.

Die eerste Afrikaanse nuusblad, wat deur die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl uitgegee is, was die *Afrikaanse Patriot*, wat as *Di Patriot* vanaf 15 Januarie 1876 verskyn het. Dit was 'n maandblad waarop mense ingeteken het en is in 1905 vervang deur die *Paarl Post*.

GRA se drukpers

Toe die GRA in 1875 in die huis van Gideon Malherbe in die Paarl gestig is, het die agt lede aan die werk gespring om iets in Afrikaans gepubliseer te kry. Die *Afrikaanse Patriot* is aan die begin van 1876 gepubliseer. Die genootskap het dit vir die eerste jaar in Kaapstad laat druk by die firma Smuts & Hofmeyr, die drukkersmaatskappy van JH Hofmeyr, eienaar en redakteur van *De Zuid-Afrikaan*.

In 1876 het ds SJ du Toit en 'n aantal vriende die Paarlse Drukpers Maatskappy gestig. Met skenkings van die publiek is een van Smuts & Hofmeyr se drukperse aangekoop (Kotzé:33; Pienaar:135). Die drukpers het op 1 April 1877 amptelik die eiendom van die GRA geword en *Die Patriot* is vanaf daardie datum in Gideon Malherbe se huis in Pastorielaan gedruk.



Die oorspronklike drukpers waarop die eerste Di Afrikaanse Patriot gedruk is. Genadendal Sendingmuseum beskik oor talle drukperse en word ook soms voorgehou as die plek waar die eerste Afrikaanse koerant, De Bode, gedruk is lank voor die verskyning van Di Afrikaanse Patriot.

Die eerste drukker was Malherbe se oudste seun, Petrus Jacobus, alombekend as Boeta Pieter. Die drukkerij is in twee vertrekke van die huis ingerig. Ongeveer 'n jaar later is die pers geskuif na 'n agterkamer van die Gimnasium-gebou, waar ds SJ du Toit op daardie stadium gewoon het. Toe Du Toit kort daarna na die Ou Pastorie in Pastorielaan trek, het die drukpers saamgetrek waarna dit in 'n vertrek in die agterplaas ingerig is.


In 1878 is besluit om die drukkerij in organisatoriese opsig los te maak van die GRA en dit as 'n aparte sakeonderneming te bedryf, met DF (Daantjie Dokter) du Toit as

besturende direkteur. Hy het die drukkers-apparaat in Februarie 1879 ontvang en hoogs waarskynlik het die drukpers sedert daardie datum in die Patriot-gebou in Hoofstraat Paarl gestaan. In 1923 was Ernst du Toit die eienaar van die maatskappy. Hy het 'n nuwe gebou vir die drukkerij in Lady Greystraat opgerig, en toe die kantore daarheen trek, is die drukpers saamgeneem. Die plein langs die gebou word steeds Patriotplein genoem.

In 1965 het die destydse eienaar van die drukkerij, mnr Nico Retief, die pers aan die Oude Pastorie-museum geskenk. Dit het tien jaar lank daar gestaan totdat die beheerraad in 1975, met die totstandkoming van die Taalmuseum, besluit het om dit aan die museum te skenk.



PAARL POST, VRYDAG, 10 APRIL 1959.



DIE DRUKKERY IN DIE OU DAE

In die setterskamer van die firma D. F. du Toit & Kie., in die dae van Die Patriot, Ons Klyntji, De Paarl en ander tydskrifte wat teen die einde van die 19de eeu in die Paarl gedruk is. Alle letters is destyds met die hand geset waar setmasjiene vandag die werk bespoedig. Let op die rame bevattende die verskeie groottes letters. In die voorgrond staan 'n seun besig om 'n proef te trek. 'n Platpers wat destyds in die werke gebruik is, staan vandag nog in die Paarl Post-gebou.

the cape times
weekend magazine
August 16, 1975

Afrikaans: A vital language but what of the future?



Adam Small, poet, philosopher, and author writes on Afrikaans and what it means to him, on its 100th anniversary.



INSIDE
The scholar who worried journalism — Page 3
Confronting by Shafiq D'Souza — Page 3
Kathy Calver — Page 3
Teen love TV Juliet — Page 18

Paarl Post
JANUARI 21
PAARL POST, VRYDAG, 26 AUGUSTUS 1975
FOTO: S. BOOT

Monument: maak tuin Skoon
Dit betref die nuwe Taalmonument, wat teen die einde van die 19de eeu in die Paarl gedruk is. Alle letters is destyds met die hand geset waar setmasjiene vandag die werk bespoedig. Let op die rame bevattende die verskeie groottes letters. In die voorgrond staan 'n seun besig om 'n proef te trek. 'n Platpers wat destyds in die werke gebruik is, staan vandag nog in die Paarl Post-gebou.

KINDERS BESOEK DIE TAALMONUMENT
Dit betref die nuwe Taalmonument, wat teen die einde van die 19de eeu in die Paarl gedruk is. Alle letters is destyds met die hand geset waar setmasjiene vandag die werk bespoedig. Let op die rame bevattende die verskeie groottes letters. In die voorgrond staan 'n seun besig om 'n proef te trek. 'n Platpers wat destyds in die werke gebruik is, staan vandag nog in die Paarl Post-gebou.

Netelike Dal Josafat-Probleem
MEV. N. C. COMBRINK BREEK HAAR BEEN
Mnr. De Villiers Nie Besikbaar
Dit betref die nuwe Taalmonument, wat teen die einde van die 19de eeu in die Paarl gedruk is. Alle letters is destyds met die hand geset waar setmasjiene vandag die werk bespoedig. Let op die rame bevattende die verskeie groottes letters. In die voorgrond staan 'n seun besig om 'n proef te trek. 'n Platpers wat destyds in die werke gebruik is, staan vandag nog in die Paarl Post-gebou.

1975

'n Honderd jaar ná die stigting van die GRA is die Taalmonument en Taalmuseum geopen, onderskeidelik op 10 Oktober en 14 Augustus 1975. Daar was diegene wat opgewonde was daaroor en natuurlik ook mense wie nie ten gunste was van 'n monument op Paarlberg of vir Afrikaans nie. Die inwyding is luisterryk gevier en word uitgebeeld in die gedrukte media van die tyd. In 2025 is die ATM 50 jaar oud en kyk ons terug na die jaar 1975 en veral na die voorblaaie van die gedrukte media uit daardie tyd wat in die Taalmuseum se argief is. - **Chantelle de Kock**

Die monument vir Afrikaans

Teen die suidelike hang van Paarlberg, hoog bokant die groen Bolandse landskap, troon die Afrikaanse Taalmonument, wat teen 'n koste van meer as R1 miljoen opgerig is en op 10 Oktober vanjaar amptelik ingewy word. Hier is 'n foto-studie deur ETHEL ROSENSTRAUCH van die imposante nuwe monument.



**wen kaartjies vir
'n fantastiese
verjaardagbal
op 15 nov 2025**

Dis makliker as maklik
Volg die Taalmonument op hul sosiale media
of teken in op hul nuusbrieff om 'n kans te
staan om R3 200 se kaartjies te verower.
VOOR 17:00 31 JULIE 2025
Details en B's & V's
taalmuseum.co.za/wat-gebeur
facebook.com/afrikaansetaalmonument

50
TAALMONUMENT

Nomineer nou 2025 se
**Fenomenale Vroue
van die Wynlande**

Inskrywingsvorme by capewinlands.gov.za, enige kantore van die Kaapse
Wynland-distriksmunisipaliteit of die Historium Trust in Pastorielaan, Paarl.
Of versoek 'n inskrywingsvorm via WhatsApp op 076 017 6026.
DIEN NOMINASIES VOOR 16:00 OP WOENSDAG, 9 JULIE 2025, IN.
Besonderhede, bepalings en voorwaardes by capewinlands.gov.za, hul
kantore, die Historium Trustgebou asook op die vorms self.

Die Afrikaanse
Taalmuseum
& -monument
'n agentskap van die
Departement van Sport, Kuns en Kultuur

CAPE WINELANDS DISTRICT
MUNICIPALITY • MUNISIPALITEIT • UMMSIPALA

Historium Trust

50^{ste} BESTAANSJAAR
50 DANS!
Saterdag 11 Okt 2025 18:00

TEMA GOUD & SWART
Paarl-stadsaal * Bring eie spys & drank
slegs **Quicket.co.za**
R150 Details taalmuseum.co.za

POSTNET
PAARL
CROUN BAR
SIMONSVELD
ZANDAM
MANZI

SY KOM VAN VER

AFSLAGPRYSE BY DIE MONUMENT

- Verjaar jy? Toon jou geldige SA ID vir gratis toegang!
- As jy die museum in die Paarl en die monument op Paarlberg op dieselfde dag besoek, kry jy 'n R10-afslag vir die tweede besoek. Hou jou kwitansies as bewys.
- Gratis vir Drakenstein-inwoners met geldige biblioteekkaartjies op die volgende gedenkdae: Internasionale Moedertaaldag 21 Feb, Menseregtedag 21 Mrt, Internasionale Dag vir Monumente en Terreine 18 Apr, Vryheidsdag 27 Apr, Werkersdag 1 Mei, Internasionale Museumdag 18 Mei, Afrikadag 25 Mei, Jeugdag 16 Jun, Vrouedag 9 Aug, Taaldag 14 Aug, Erfenisdag 24 Sep en Taalmonument se verjaarsdag 10 Okt.

WAARDEER DIE FASSINERENDE SIMBOLIEK BETER

- Gratis, begeleide tweetalige toere op weekdae; naweke en vakansiedae slegs as vooraf bespreek by ontvangs@taalmuseum.co.za vir 'n minimum van 20 persone.
- Gratis inligtingsbrosjures in 22 tale en oudiotoere in Afrikaans, Xhosa, Engels, Frans, Nederlands en Duits beskikbaar. Daar is ook 'n braille-weergawe.

BEKOSTIGBARE PERMITTE

- **JAARPERMIT:** Slegs R120 vir individue en R220 vir 'n gesin van vier. Dit sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanknieks in.
- **BERGFIETSRYPERMIT:** Gewone toegangsfooi per dag of jaarpermit van R220 per persoon. Laasgenoemde sluit onbeperkte toegang tot bergafbane, museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanknieks in.
- **STAPPERMIT:** Gewone toegangsfooi en R20-deposito vir sleutel.

i Volg die ATM se webtuiste en sosiale media of teken in op hul nuusbrieft om op hoogte te bly van vanjaar se opwindende geleenthede.

Of, selfs makliker, volg hul WA-kanaal by

<https://whatsapp.com/channel/0029VazPoESId7nUsOYdJD28>.



Die Suikerkan is 'n bistro aan die voet van die monument. Panoramiese uitsigte en speelparke, gekombineer met heerlike tuisgemaakte kos, pizza en gebak, sorg vir onvergeetlike uitstappies.

082 856 1871 (WA)

DIESUIKERKAN.CO.ZA



OPENINGSTY: TAALMUSEUM

Weeksdae van 08:00 tot 16:45 (laaste toegang om 16:00), maar gesluit oor naweke, op openbare vakansiedae en vanaf Kersfees (25 Desember) tot Nuwejaarsdag (1 Januarie).

TAALMUSEUM.CO.ZA

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM**
PASTORIELAAN, PAARL

Die Afrikaanse
Taalmuseum
& -monument
'n agentskap van die
Departement van Sport, Kuns en Kultuur


**DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PAARLBERG

kultuur, natuur, plesier

welkom by die Groen Galery

waar kinders die Taalmuseum inkleur

Vir Museumdag 2025 het die Afrikaanse Taalmuseum 'n gratis opedag op 17 Mei aangebied. Hiertydens is onder meer leerders in die gemeenskap genooi om deel te neem aan 'n inkleurkompetisie. Drie spesiale groepe - Angels of Hope, Kolbe Hope of Angels en House of Warriors - het ook aan die kompetisie saam met die publiek deelgeneem. Eldine Hock (wenner) en Carlyle Jacobs (naaswenner) het die pryse verower, maar die museum bedank graag vir almal wat kom kuier en aan die verskillende kompetisies deelgeneem het.



Eldine Hock (wenner)

**Jongste uitstalling nou te sien by Taalmonument
of taalmuseum.co.za/groen-galery**